Publication: Die Burger (Oos Kaap)
Date: 14 Feb 2017
Page: 8

# Dié populisme raak ons almal

**Vlugskrif**
Amanda Gouws



Dit is altyd insiggewend as een vrou 'n ander aanval omdat sy eintlik 'n verskuilde agenda het wat niks met feminisme te doen het nie. Meer daaroor later.

Ons beleef nou 'n krisis in neoliberale regeerkunde en globalisering. Dit is 'n teenreaksie teen 'n stelsel wat die rykes bevoordeel en verreikende wêreldwye ongelykhede veroorsaak het. Dit gaan hand aan hand gaan met die vernietiging van die omgewing – 'n krisis op 'n planetêre skaal.

Twee reaksies op die krisis was moontlik: (1) groter herverspreiding en groter gelykheid deur sosiale demokrasie of (2) 'n swaai na fundamentalisme, etniese nasionalisme en xenofobie.

Ons sien 'n wêreldwye herposisionering van state in ooreenstemming met die tweede opsie – deur Brexit, die oplewing van regse partye in Europa, die krisis in Turkye, die verkiesing van Donald Trump en die herlewing van fundamentalisme. Die teenreaksie word aangevuur deur wêreldwye terreur waarvan die Islamitiese Staat die dryfveer is.

Een van die maniere waarop fundamentalisme manifesteer, is in 'n groter fokus op die "huishoudelikheid" van vroue, waardeur die maagdelikheid van vroue aangeprys en reproduktiewe regte gepolisieer word. Groter nasionalisme fokus op (sekere) vroue se voortplanting omdat vroue die volgende generasie burgers en soldate moet produseer en versorg. Dus is dit goed as die staat beheer het oor wat vroue met hul voortplanting doen.

Dit is geen toeval nie dat die eerste uitvoerende opdrag wat Trump onderteken het, vroue se reproduktiewe regte aan bande lê. Dit is ook een van die redes hoekom vroue in hul miljoene (ja, dit is 5 miljoen as ons al die getalle in al die stede van die wêreld bymekaartel) gaan protesteer het.

Geslagsgelykheid kan slegs verwesenlik word as vroue beheer oor hul eie liggame het.

Groter nasionalisme gaan ook oor die "suiwerheid" van die nasie. Daarom sal die regte van gays, lesbiese vroue en transgender-mense ook verminder word en sal ras sentraal in die beperking van regte staan.

In die deelstaat Arkansas bepaal wet 45 nou dat enige aborsie ná 14 weke onwettig is; en indien 'n vrou 'n aborsie nodig het, moet haar man (of die man wat vir die swangerskap verantwoordelik was) toestemming gee. Selfs al verkrag 'n pa sy dogter en maak haar swanger, moet hy steeds toestemming gee.

Dit is wat dit beteken as vroue hul reproduktiewe regte te verloor. Pro-keuse beteken nie pro-aborsie nie; dit beteken dat elke vrou 'n keuse behoort te kan uitoefen. Dit is hoekom dit 'n feministiese vraagstuk is. Indien hierdie fundamentalisme gekoppel aan populisme voortduur, sal dit ons álmal raak.

Trump se hoofstrateeg en lid van die nasionale veiligheidsraad, Steve Bannon, wat nou die tweede magtigste man in die wêreld is, staan 'n derde wêreldoorlog voor om radikale Islam uit te wis. Hy skryf reeds aanlyn oor 'n apokaliptiese oorlog met gevolge wat só ernstig sal wees dat dit die bestaande wêreldorde omver sal werp en Joods-Christelike waardes sal herstel (*Cape Times*, 10.02).

En dan is daar Trump se voorgestelde ambassadeur in Suid-Afrika, Joel Pollak, 'n verregse eertydse lid van die Tea Party, wat die oorhoofse redakteur van *Breitbart News* is, 'n verregse aanlyn nuusdiens wat deur Bannon bestuur is. *Breitbart* se hoofdoelwit was om die Obama-regering te ondermyn. Pollak is ook 'n onbeskaamde apologeet vir Israel se optrede in Palestina. En hy is Rhoda Kadalie se skoonseun.

Hier is die verskuilde agenda. Word daar 'n lansie vir Pollak se verfoeilike verregse politiek gebreek?

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission